

## **LAND BANK: DIE FORENSIESE FEITE**

### **DEUR**

#### **DR PHILIP THEUNISSEN**

---

In 1911 het landbou 21.4% tot die land se Bruto Binnelandse Produk (BBP) bygedra en boere was op die herstelpad ná die terugslae van die Anglo-Boere-oorlog en die droogtes wat daarop gevolg het. Min banke was egter bereid om krediet aan die landbousektor te verskaf weens die onstabiele van produksie, wisselvalligheid van pryse, die seisoenale aard van die besigheid-siklus, die stadige omset van kapitaal en die gevolglike lae opbrengskoers op beleggings. Boere was gevolglik van privaat leners en sommige kommersiële finansiële instellings afhanklik en het dit moeilik gevind om langtermynfinansiering vir boerdery-doeleindes te bekom. Suid-Afrika het dus 'n unieke finansiële instelling vir die landbou nodig gehad en daarom het die regering die Grond- en Landboubankwet in 1912 aanvaar om die Land Bank te kon skep.


Vanaf sy ontstaan in 1912 het die Land Bank verbandenings aan hoofsaaklik blanke opkomende en kommersiële boere verskaf. Met die aanbreek van demokrasie het die nuwe regering die Wet op Grond- en Landbou-ontwikkelingsbank van Suid-Afrika (Wet 15 van 2002) uitgevaardig wat ten doel gehad het om aan die inklusiewe behoeftes van die Suid-Afrikaanse samelewing in die landbousektor te voldoen. Tans word die Land Bank steeds ten volle deur die Suid-Afrikaanse regering besit met 'n onafhanklike raad van direkteure wat deur die Minister van Finansies aangestel word en is verantwoordbaar aan die Nasionale Tesourie wat die uitvoerende gesag van die Land Bank is.

Vir die finansiële jaar van 2003/04 het die Land Bank sy eerste verlies sedert sy ontstaan aangeteken naamlik 'n netto verlies van R1.4 miljard. Dié verlies is toegeskryf aan té vinnige uitbreiding van die Land Bank se leningsboek sedert 1997/98. In 2005 was die Land Bank dus genoodsaak om die Reserwebank vir 'n leningsfasiliteit te nader. Weens die Land Bank se benarde finansiële posisie was die Reserwebank egter nie bereid om sonder 'n staatswaarborg aan hierdie versoek te voldoen nie en die Land Bank was gedwing om die regering direk vir bystand te nader. Die Nasionale Tesourie het vervolgens 'n Brief van Voorneme vir R1.5 miljard uitgereik, geldig tot Junie 2007, en het ook 'n kontantinspuiting van R700 miljoen aan die Land Bank verskaf.

Die Land Bank het om verskeie redes gesukkel om swart opkomende boere suksesvol in die landbou te vestig. In 2007 is 'n moratorium ingestel op die sekwestrasie van opkomende boere wat finansiële probleme ervaar. In dieselfde jaar het die staat 'n ondersoek van stapel gestuur ná bewerings dat boere wat suksesvol deur die Land Bank om AgriSEB-lenings aansoek gedoen het, nooit hul finansiering ontvang het nie.

In 2009 het die Land Bank die proses begin om 'n omkeerstrategie te implementeer. Dit was nou onder leiding van Phakamani Hadebe wat as voormalige adjunkdirekteur-generaal van die Nasionale Tesourie waardevolle insig in Suid-Afrika se finansiële sektor saamgebring het en die vertroue van die Minister van Finansies en die personeel van die Nasionale Tesourie geniet het. Sommige kommersiële boere het egter hul rekeninge na handelsbanke geskuif namate die

Land Bank se aanbiedinge minder aantreklik geword het en bewerings van wanbestuur rigbaar geword het. Die Land Bank het later weer begin om van sy voormalige kliënte terug te wen en het selfs ook nuwes gelok. Teen die einde van die 2011/12-boekjaar was die totale leningsboek dus R22 miljard en het die Land Bank ongeveer 30% van Suid-Afrika se totale boerderyskuld gefinansier teenoor die gesamentlike 54% van die handelsbanke.




Bron: Kortbegrip van Landboustatistiek

Grafiek 1 toon die Land Bank se marktaandeel van die totale landbouuskuld teenoor dié van handelsbanke. Sedert 2012 het die Land Bank se marktaandeel tot 31% in 2014 toegeneem. Daarna het sy marktaandeel geleidelik ten koste van handelsbanke tot 26% in 2021 teenoor die 63% van handelsbanke afgeneem.

## VERSUIM

Op 23 April 2020 reik die Land Bank 'n SENS-aankondiging uit waarin skuldbriefhouers in kennis gestel word dat die bank in gebreke gaan bly om betalings op twee verbandprogramme ter waarde van 'n gesamentlike R50 miljard te maak. As rede hiervoor voer die bank aan dat hy 'n likiditeitstekort ervaar en in gesprek is met verskeie belanghebbendes om sy finansiële verpligtinge na te kan kom. In 'n verklaring bevestig Nasionale Tesourie die Land Bank se versuim en voer aan dat daar in wese 'n strukturele likiditeitsrisiko in die bank se balansstaat ingebed is wat sy terugbetaalvermoë wesentlik inperk.




Bron: Land Bank jaarverslae

Grafiek 2 toon aan dat die Land Bank op sy finansiële jaareinde van 2020 insolvent was deurdat sy laste sy bates met R1.2 miljard oorskry het. In 2012 het die bank nog 'n solvabiliteit van 20% gehandhaaf maar daarna het dit geleidelik afgeneem tot 'n negatief van 1% in 2020. In 2021 het die Land Bank met 'n drastiese ingryping R8.3 miljard se landboulenings opgeroep en het die solvabiliteit tot 4% verbeter, wat volgens enige maatstaf steeds kritiek laag is.

Grafiek 2 toon verder dat die Land Bank oor die afgelope dekade kwalik 'n wins kon maak terwyl dit in 2020 'n verlies van R1.2 miljard gerealiseer het en dit met 'n verdere verlies van R919 miljoen in 2021 opgevolg het. Daarmee saam kon die bank in slegs vyf van die afgelope tien jaar 'n positiewe netto kontantvloei uit al sy aktiwiteite genereer terwyl dit noodwendig in die oorblywende vyf jaar 'n negatiewe netto kontantvloei ervaar het met 'n absolute laagtepunt van 'n negatiewe R2.6 miljard in 2020. Die kummulatiewe effek van die afgelope dekade se kontantvloei uit al sy aktiwiteite is 'n positiewe bedrag van R3.5 miljard maar dit sluit die R8.3 miljard se opgeroepte lenings van 2021 in. Sonder hierdie ingryping is die kontantvloei oor die afgelope dekade 'n negatiewe R4.7 miljard en dit is eenvoudig nie volhoubaar nie. Gevolglik móés die Land Bank in 2021 drastiese maatreëls implementeer, én daarna daarmee volhou, om 'n oplossing vir sy strukturele likiditeitsrisiko te probeer vind.

## LENINGSBOEK

Banke ontvang deposito's van verbruikers en beleggers wat surplus fondse het en betaal rente op hierdie rekeninge. Op hulle beurt leen banke hierdie fondse weer uit aan ander verbruikers en besighede wat geld benodig. Die Land Bank ontvang die oorgrote gedeelte van sy deposito's in die vorm van korttermyn skuldbriewe wat deur ander finansiële instellings teen 'n rente-opbrengs opgeneem word. Grafiek 3 toon aan hoe die Land Bank dan weer dié deposito's uitleen.




Bron: Land Bank jaarverslae

Die Land Bank se totale lenings het van R22.3 miljard in 2012 tot R45.6 miljard in 2018 toegeneem waarna dit op hierdie vlakke gebly het tot en met die drastiese inkorting in 2021 toe dit tot R36.9 miljard afgeneem het. Die onderlinge samestelling van die leningsboek het egter verskuif van waar daar maar 4% in 2021 vir Ontwikkeling & Transformasie toegestaan is tot 22% in 2021. Hierdie gedeelte van die Land Bank se lenings het in 2018 maar nog 12% van die totale lenings beloop en eers in 2019 meer prominent geraak namate kommersiële leners toenemend hulle kredietbehoefte na handelsbanke verskuif het.

## RENTEKOERSVERSKIL

Aangesien banke rente op hul lenings ontvang, word hul winste verkry uit die verskil tussen die koers wat hulle vir die deposito's betaal en die koers waarteen hulle rente uit hulle leners verdien. Die primêre besigheid van banke is dus die bestuur van die verskil tussen die rentekoers wat hulle op deposito's betaal en die rentekoers wat hulle op hul lenings ontvang. Wanneer die rente wat 'n bank uit lenings verdien groter is as die rente wat hy op deposito's betaal, genereer dit inkomste uit die rentekoersverskil. Die grootte van hierdie verskil is die bepaler van die wins wat deur 'n bank gegenereer word.



Bron: Land Bank jaarverslae


Volgens Grafiek 4 het die Landbank in 2012 R677 miljoen se inkomste uit leningsaktiwiteite uit die rentekoersverskil verdien. Dit het tot R1.2 miljard in 2018 toegeneem waarna dit in 2020 tot R315 miljoen gedaal het en toe in 2021 'n negatiewe verdienste van R161 miljoen behaal het.

Die Land Bank kon vir die grootste gedeelte van die afgelope dekade 'n netto rentekoersverskil van tussen 2.4 en 3% handhaaf maar in 2019 het dit tot 1.9% afgeneem, in 2020 tot 0.7% en toe 'n negatiewe opbrengs van 0.4% in 2021 behaal. Die Land Bank kon dus doodgewoon die afgelope drie jaar nie die rente wat hy op deposito's moes betaal in 'n renteverdiensie op sy leningsboek omskep nie.

Die direkte gevolg van die Land Bank se drasties ingeperkte vermoë om finansiering te kan verskaf, het daartoe gelei dat die bank 'n uittog van presterende kliënte ervaar het wat op grootskaal hul kredietbehoefte na handelsbanke verskuif het. Dit het noodwendig daartoe gelei dat die Land Bank se gebrek aan likiditeit toegeneem het terwyl die nie-presterende lenings ook toegeneem het en dat die Land Bank gevolglik van noodsaaklike inkomste ontnem is.

## KREDIET RISIKO

Vir enige bank is daar 'n risiko dat 'n lener sy lening gaan versuim, wat tot gevolg het dat die bank enige potensiële rente wat hy kon verdien, sowel as die kapitaal wat aan die lener geleen is, kan verbeur.



Bron: Land Bank jaarverslae

Sedert 2016 openbaar die Land Bank sy leningsboek volgens 'n risikoklassifikasie in sy finansiële state. In 2012 het die presterende lenings 78% van die totale lenings beloop terwyl lenings wat onder presteer het 13% beloop het. Slegs 9% van die lenings het geen prestasie gelewer nie en het dus 'n risiko van verbeuring van rente én kapitaal vir die Land Bank ingehou. In 2018 het die situasie selfs verbeter deurdat 86% van die lenings tóé volgens voorwaardes presteer het terwyl 8% onderpresteer het en slegs 7% geen prestasie gelewer het nie. Hierdie neiging het sedert 2020 merkbaar verswak tot dié mate dat slegs 37% van die totale leningsboek tóé presteer het terwyl 31% onderpresteer het en 33% gladnie presteer het nie. In totaal was 63% van die totale leningsboek dus aan een of ander vorm van wanprestasie onderworpe.

Die Land Bank voer aan dat die meerderheid van hierdie wanpresterende lenings gesetel is in lenings wat voorheen deur tussengangers bestuur is wat onder die skema van diensvlak-ooreenkomste bedryf is. Dit was gevolglik deel van die bank se oorlewingstrategie om hierdie tussengangers se dienste op te skort en om hierdie portefeuljes self in direkte kontak met die kliënte te bestuur. Suidwes, GroCapital en Obaro se portefeuljes is reeds gedurende 2020 suksesvol terug na die Land Bank gemigreer terwyl dié van Unigro in September 2021 afgehandel is.

## SEKTORALE VERDELING

Die Land Bank se regstellingspogings veroorsaak noodwendig emosionele en soms ook verpolitiseerde reaksie vanuit landboukringe. Die indruk word geskep dat die bank op 'n vernietigingstog is om boere op onredelike wyse te likwideer. Die bewering word verder gemaak dat die tussengangers juis hulle gedeelte van die lenings uiters doeltreffend bestuur het en dat die opskorting van die diensvlak-ooreenkomste die vernaamste oorsaak van die Land Bank se wanpresterende lenings is.

Sedert die finansiële jaar wat op 31 Maart 2016 geëindig het, openbaar die Land Bank sy leningsboek in 'n aantekening, onderverdeel in elke sektor waarin die lenings toegestaan is en dui dan ook aan watter bedrag van elke sektor se lenings presterend, onder presterend en nie presterend was. Die meegaande Tabel bevat die tien swakste presterende sektore vir 2020, met

ander woorde soos wat die status was vóórdat die Land Bank die drastiese ingryping in die finansiële jaar van 2021 gedoen het.

**TABEL: WANPRESTASIE VAN LENINGS PER SEKTOR (2020)**

Sektor		Totale lenings (miljard)	Aandeel in Tot lenings %	Presteer %	Onder-presteer %	Geen prestasie %	Wan-prestasie %
Insetverskaffing	R	0.09	0.2%	36.7%	3.4%	59.9%	63.3%
Graan	R	24.23	53.6%	43.6%	25.0%	31.4%	56.4%
Ander	R	0.95	2.1%	46.3%	23.8%	29.9%	53.7%
Volstruise	R	0.06	0.1%	47.9%	9.2%	42.9%	52.1%
Suiwel	R	0.76	1.7%	48.7%	7.9%	43.5%	51.3%
Tabak	R	0.15	0.3%	50.8%	22.6%	26.6%	49.2%
Agri-besighede	R	1.22	2.7%	58.1%	27.9%	14.0%	41.9%
Wild	R	0.22	0.5%	59.8%	0.0%	40.2%	40.2%
Insette	R	0.05	0.1%	61.2%	6.2%	32.6%	38.8%
Varke	R	0.06	0.1%	67.5%	13.9%	18.6%	32.5%
<b>TOTAAL</b>	<b>R</b>	<b>27.8</b>	<b>61.5%</b>	<b>46.8%</b>	<b>24.3%</b>	<b>31.0%</b>	<b>55.3%</b>

Bron: Land Bank Jaarverslag 2020

Die tien sektore wat in die Tabel vervat is het 61.5% van die Land Bank se lenings opgeneem maar was vir 55.3% van die wanpresterende lenings (onder- én geen presterende lenings gesamentlik) verantwoordelik. Die opmerklike uitskieter in dié verband is die lenings wat ten opsigte van graanverbouing toegestaan is. Die R24.23 miljard se lenings aan hierdie sektor het in 2020 53.6% van die bank se totale toegestane lenings beloop. Slegs 43.6% van hierdie lenings het egter hulle volle verpligtinge teenoor die bank nagekom terwyl 25% daarvan onder presteer het en 31.4% geen prestasie opgelewer het nie.

Die Land Bank het volgens sy finansiële state van 2020 R6.8 miljard van die graanlenings direk aan leners verskaf terwyl R17.3 miljard, oftewel 63.4%, deur tussengangers hanteer was. Wanpresterende graanlenings, waarvan die grootste gedeelte dus deur tussengangers hanteer was, het in 2020 R13.6 miljard, oftewel 76%, van die Land Bank se totale wanpresterende lenings van R17.9 miljard beloop. Dit is alom bekend dat graanoeste, veral in die somersaaigebiede, vir hierdie tydperk bogemiddeld was. Hierdie abnormale wanpresterende lenings kan dus gewoon aan finansiële verpligtinge toegeskryf word wat nie deur graanproduserende leners nagekom is nie óf finansiële dissipline wat nie op hulle afgedwing is nie, hetsy deur die Land Bank self en/of sy tussengangers.

## SENTIMENT

Gegewe die Land Bank se dekadeslange verbintenis met die landbousektor van Suid-Afrika, is dit te verstane dat daar geredeneer word dat dié bank se sentiment by boere moet lê, ongeag die bank se eie finansiële probleme. Die Land Bank se simpatie mag dalk wel by boere lê maar sy eerste prioriteit moet noodwendig ten opsigte van sy verpligtinge teenoor sy deposante lê. Sonder deposito's het die Land Bank nie fondse om uit te leen nie maar indien hierdie deposito's nie 'n rente-opbrengs oplewer nie is dit net logies dat die beleggers daarvan 'n heenkome gaan soek waar hulle kapitaal gewaarborg is en hulle beleggings produktief is.

Die uiteinde is dus dat die Land Bank, vir die blote sentiment daarvan, eenvoudig nie kan bekostig dat lenings wanpresteer teen die vlakke wat die bank dit die afgelope paar jaar ervaar het nie, wie ookal daarvoor te blameer is. In so 'n situasie sal enige bank daadwerklik optree om die integriteit van sy leningsboek te herstel sodat hy 'n aantreklike hawe vir beleggers kan wees. Dié daadwerklike optrede sluit noodwendig in dat van die wanpresterende lenings opgeroep moet word, selfs al gaan dit met die likwidasië van leners gepaard.

Die Land Bank se eie finansiële situasie is van so 'n aard dat hy nie sy wanpresterende lenings kan afskryf nie. Sy gevolglike drastiese stappe is uiteraard baie ongewild maar uiters noodsaaklik as daar in die toekoms steeds 'n Land Bank moet wees. Ongeag die ongewildheid van dié strategie moet die bank dus toegelaat word om die integriteit van sy leningsboek te herstel. Die Land Bank kan eenvoudig nie in 'n staat van versuim teenoor sy deposante en 'n staat van wanbetaling van sy eie leners 'n bestaan uit 'n gebrekkige kontantvloei probeer maak nie.

---

**Bethlehem**  
**September 2022**

**BRONNE:**

Die Land Bank Jaarverslae, 2012 tot 2021.

Marle. *SA's Land Bank over 100 years*. September 2013.

Reuters. *Land Bank debt default draws attention to SOE's finances*. 24 April 2020.

Wagner, H. *Analyzing a bank's financial statements*. 13 September 2021.



## **KASSIE:**

### **DIE VYF K's VAN KREDIET**

Die vyf K's van krediet is belangrik omdat uitleners hierdie faktore gebruik om te bepaal of hulle 'n lener vir 'n finansiële produk moet goedkeur. Uitleners gebruik ook hierdie vyf K's, wat Karakter, Kapasiteit, Kapitaal, Kollateraal en Kondisies is, om leningskoerse en -voorwaardes vas te stel. Dit is in wese 'n stelsel wat deur uitleners gebruik word om die kredietwaardigheid van potensiële leners te meet in 'n poging om die kans op wanbetaling en gevolglik die risiko van finansiële verliese, vir hulleself te evalueer.

#### **Karakter**

Karakter, die eerste K, verwys na die kredietgeskiedenis wat 'n lener se reputasie of rekord ten opsigte van die terugbetaling van skuld aandui. Hierdie inligting verskyn op die lener se kredietverslae wat deur die groot kredietburo's opgedateer word en bevat gedetailleerde inligting oor hoeveel 'n aansoeker in die verlede geleen het en of hulle die lenings betyds terugbetaal het.

#### **Kapasiteit**

Kapasiteit meet die lener se vermoë om 'n lening terug te betaal deur sy inkomste met sy skuld te vergelyk en die lener se skuld-tot-inkomste verhouding te bepaal (STI). Uitleners bereken die STI deur 'n lener se totale skuldplaaieremente bymekaar te tel en dit deur die lener se bruto inkomste te deel. Hoe laer 'n aansoeker se STI, hoe beter is die kans om vir 'n nuwe lening te kwalifiseer.

#### **Kapitaal**

Uitleners neem ook enige kapitaal wat die lener self vir 'n potensiële investering kan bydra in oorweging. 'n Groot kapitaalbydrae deur die lener verminder die kans op wanbetaling. Leners wat byvoorbeeld 'n deposito op 'n plaas se aankoop kan betaal, vind dit gewoonlik makliker om 'n verbandlening vir die oorblywende bedrag te kry.

#### **Kollateraal (Sekuriteit)**

Kollateraal gee aan die uitlener die versekering dat indien die lener nie die lening kan terugbetaal nie, die uitlener iets kan terugkry deur die kollateraal terug te neem. Die kollateraal is dikwels die doel waarvoor die geld geleen word: motorlenings word byvoorbeeld deur motors verseker en verbande word deur plase verseker. Om hierdie rede word daar na kollaterraalgesteunde lenings as versekerde lenings of versekerde skuld verwys. Gevolglik word lenings wat deur een of ander vorm van sekuriteit verseker kan word gewoonlik met laer rentekoerse en beter terugbetalingsvoorwaardes aangebied in vergelyking met onversekerde vorme van finansiering.

#### **Kondisies (Voorwaardes)**

Benewens die bevestiging van inkomste, kyk uitleners ook na die algemene voorwaardes wat met die lening verband hou. Dit kan die tyd insluit wat 'n aansoeker in produksie is, hoe die bedryf waarin hy werksaam is presteer en dan ook die stabiliteit van die inkomste wat verdien

word. Uitleners kan ook toestande oorweeg wat buite die lener se beheer is soos die stand van die ekonomie, industrieneigings of hangende wetsveranderinge.

### **Die beginsels van die vyf K's**

Die hoofbeginsel agter die vyf K's is om die risiko van kredietverskaffing te meet. 'n Uitlener moet evalueer aan wie hulle geld leen, hoekom die lener geld vra en die waarskynlikheid om 'n leningsopbrengs uit die lening te verdien. Nog 'n beginsel is om te bepaal wat die koste van die krediet moet wees. Leners met goeie K's kan op gunstiger voorwaardes, laer tariewe en laer betalings aandrang. Leners met swakker K's is meer riskant en kan ongunstige voorwaardes verwag. 'n Uitlener maak ook staat op die vyf K's om te bepaal of die lener se integriteit van so 'n aard is dat hulle sake met hom wil doen. As 'n lener se vyf K's swak is, kan die uitlener weier om krediet te verleen óf die lening voortydig oproep, sou die lener se vyf K's oor die termyn van die lening wesentlik verander.

**Bron: Troy Segal, Julie 2022.**